

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA
OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA



UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

20c

Dinsdag 11 Maart 1980

WINDHOEK

Tuesday 11 March 1980

No. 4096

INHOUD:

CONTENTS:

	<i>Bladsy</i>
PROKLAMASIE:	
No. AG. 6 Proklamasie op die Verdere Uitstel van Munisipale Verkiesings, 1980	1

	<i>Page</i>
PROCLAMATION:	
No. AG. 6 Municipal Elections Further Postponement Proclamation, 1980	1

PROKLAMASIE

van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA

(Deur die Staatspresident goedgekeur op 27 Februarie 1980)

No. AG. 6 1980

VERDERE UITSTEL VAN MUNISIPALE VERKIESINGS EN REËLING VAN VERBANDHOUDENDE SAKE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

G. van N. VILJOEN
Administrateur-generaal Windhoek, 10 Maart 1980

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken "die Ordonnansie" die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), en beteken 'n uitdrukking wat ook in die Ordonnansie gebruik word, dieselfde as in die Ordonnansie.

PROCLAMATION

by the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

(Approved by the State President on 27 February 1980)

No. AG. 6 1980

FURTHER POSTPONEMENT OF MUNICIPAL ELECTIONS AND REGULATION OF INCIDENTAL MATTERS

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

G. van N. VILJOEN
Administrator-General Windhoek, 10 March 1980

SCHEDULE

Definition

1. In this Proclamation, unless the context indicates otherwise, "the Ordinance" means the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), and any expression which is used also in the Ordinance has the meaning which it bears in the Ordinance.

Verdere uitstel van munisipale verkiesings

2. (1) Ondanks andersluidende bepalings van die Ordonnansie of van enige ander wet —

(a) word geen algemene verkiesing van raadslede op die tweede Woensdag in Maart in die jaar 1980 in enige munisipaliteit gehou nie, maar word die algemene verkiesing van raadslede wat op genoemde dag in elke munisipaliteit gehou sou moes word, aldus gehou op 'n datum wat deur die Administrateur-generaal by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal word en word artikel 20 van die Ordonnansie en enige ander tersaaklike bepaling van die Ordonnansie of die regulasies dienoreenkomstig uitgelê; en

(b) moet die dag wat kragtens subartikel (1) van artikel 41 van die Ordonnansie bepaal word vir 'n eerste verkiesing van raadslede in daardie artikel beoog wat ná die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie gehou word, 'n dag wees wat deur die Administrateur-generaal goedgekeur is: Met dien verstande dat vir die doeleindes van die bepaling van bedoelde dag kragtens daardie subartikel en die goedkeuring daarvan kragtens hierdie paragraaf, die woorde "binne drie maande na die instelling daarvan" geag word nie deel van daardie subartikel uit te maak nie.

(2) 'n Proklamasie beoog in subartikel (1)(a) bevat die voorskrifte wat die Administrateur-generaal nodig of wenslik ag vir die doeleindes van —

- (a) die hou van die algemene verkiesing van raadslede in daardie subartikel beoog;
- (b) die behoorlike toepassing van die bepalings van die Ordonnansie ná bedoelde algemene verkiesing van raadslede.

Toepassing van Ordonnansie 13 van 1963

3. By die toepassing van die Ordonnansie gedurende die tydperk vanaf die dag waarop hierdie Proklamasie in werking tree tot die dag waarop die verkiesing in artikel 2(1)(a) van hierdie Proklamasie beoog, gehou word —

- (a) word artikel 28 van die Ordonnansie geag deur die volgende artikel vervang te wees:

"Wie kiesers is. 28. Vanaf en na die voltooiing van 'n kieserslys vir 'n munisipaliteit ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie soos hierna voorgeskryf of ingevolge die bepalings van artikel 3*bis* van die Proklamasie op die Uitstel van Munisipale Verkiesings, 1978 (Proklamasie AG. 3 van 1978), is die persone wie se name op sodanige lys geregistreer is, behoudens

Further postponement of municipal elections

2. (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in the Ordinance or any other law —

(a) no general election of councillors shall be held in any municipality on the second Wednesday in March in the year 1980, but the general election of councillors which should have been held in every municipality on the said day, shall be so held on a date to be determined by the Administrator-General by proclamation in the *Official Gazette* and section 20 of the Ordinance and any other relevant provision of the Ordinance or the regulations shall be construed accordingly; and

(b) the day appointed under subsection (1) of section 41 of the Ordinance for any first election of councillors contemplated in that section which is held after the commencement of this Proclamation, shall be a day approved by the Administrator-General: Provided that for the purposes of the appointment of such day under that subsection and its approval under this paragraph, the words "within three months after the constitution thereof" shall be deemed not to form part of that subsection.

(2) Any proclamation contemplated in subsection (1)(a) shall contain such directions as the Administrator-General may deem necessary or desirable for the purposes of —

- (a) the holding of the general election of councillors contemplated in that subsection;
- (b) the proper application of the provisions of the Ordinance after such general election of councillors.

Application of Ordinance 13 of 1963

3. In the application of the Ordinance during the period from the day on which this Proclamation comes into operation until the day on which the election contemplated in section 2(1)(a) of this Proclamation is held —

- (a) the following section shall be deemed to have been substituted for section 28 of the Ordinance:

"Who shall be voters. 28. From and after the completion of a voters' roll for any municipality under the provisions of this Ordinance as hereinafter prescribed or under the provisions of section 3*bis* of the Municipal Elections Postponement Proclamation, 1978 (Proclamation AG. 3 of 1978), the persons whose names are registered in such roll, shall, subject to

die bepalings van hierdie Ordonnansie, die kiesers van sodanige munisipaliteit.”; en

the provisions of this Ordinance, be voters of such municipality.”; and

(b) word artikel 33 van die Ordonnansie geag gewysig te wees —

(b) section 33 of the Ordinance shall be deemed to have been amended —

(i) deur in paragraaf (a) van subartikel (1) al die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

(i) by the substitution in paragraph (a) of subsection (1) for all the words preceding subparagraph (i) of the following words:

“Voor die dertigste dag van September in elke jaar, moet die stadsclerk, in opdrag van die raad, of ’n lys, wat die hooflys van kiesers heet, opstel of laat opstel van die name van alle persone wat volgens hulle aansoekvorms of ander inligting tot beskikking van die stadsclerk ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie bevoeg is om op die lys van kiesers ingeskryf te word; of ’n lys, wat die aanvullende lys van kiesers heet, opstel of laat opstel van die name van alle persone wat sedert die opstel van die hooflys van kiesers en, waar toepaslik, die aanvullende lys van kiesers wat dan van krag is, volgens hulle aansoekvorms of ander inligting tot beskikking van die stadsclerk ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie bevoeg is om op die lys van kiesers ingeskryf te word, en enige sodanige lys van kiesers meot aantoon —”; en

“Before the thirtieth day of September in every year, the town clerk, acting on the instructions of the council, shall either make or cause to be made out a list, to be called the main voters’ list, containing the names of all persons who appear from their application forms or from other information at the disposal of the town clerk to be qualified under the provisions of this Ordinance to be enrolled on the voters’ list; or make or cause to be made out a list, to be called the supplementary voters’ list, containing the names of all persons who since the making of the main voters’ list and, where applicable, the supplementary voters’ list then in force, appear from their application forms or from other information at the disposal of the town clerk to be qualified under the provisions of this Ordinance to be enrolled on the voters’ list, and any such voters’ list shall show —”; and

(c) deur subartikel (2) te skrap.

(c) by the deletion of subsection (2).

Kort titel

Short title

4. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Verdere Uitstel van Munisipale Verkiesings, 1980.

4. This Proclamation shall be called the Municipal Elections Further Postponement Proclamation, 1980.

